



# PRO VERITATE

**ALBERT GEYSER**

Skuld deur Assosiasie

**G. M. A. JANSEN**

Our Living with God

**W. B. DE VILLIERS**

Die Oorryp Tyd

**DOUGLAS BAX**

Antikom Antitheses

**ENOS Z. SIKAKANE**

The Mission of the Lay Centre

*Jaargang V, Nr. 9 | Volume V, No. 9*

*15. Jan., 1967*

# PRO VERITATE

## EDITORIAL

### EDITOR:

Dr. B. Engelbrecht.

### EDITORIAL COMMITTEE:

Bishop B. B. Burnett; Rev. J. de Gruchy; Rev. A. W. Habelgaarn; Rev. E. E. Mahabane; Rev. J. E. Moulder; Rev. C. F. B. Naudé (Chairman); Rev. R. Orr; Prof. Dr. A. van Selms.

## ADMINISTRATION/ CORRESPONDENCE

### CIRCULATION MANAGER:

Dr. W. B. de Villiers.

All letters to the editor and administration to: P.O. Box 487, Johannesburg.

## SUBSCRIPTION

Subscription payable in advance.

Land and sea mail: R1 (10/- or \$1.40) — Africa; R1.50 (15/- or \$2.10) — Overseas.

Air mail: R2 (£1 or \$2.80) — Africa; R3.50 (£1.17.6 or \$5.00) — Overseas.

Cheques and postal orders to be made payable to Pro Veritate (Pty.) Ltd., P.O. Box 487, Johannesburg.

## PLEASE NOTE

The editorial staff of Pro Veritate state herewith that they are not responsible for opinions and standpoints which appear in any article of this monthly other than those in the editorial and editorial statements.

PRO VERITATE appears on the 15th of every month.

(Price per single copy 10c).

## CHRISTIAN MONTHLY FOR SOUTHERN AFRICA CHRISTELIKE MAANDBLAD VIR SUIDELIKE AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper  
By die Hoofposkantoor as Nuusblad geregistreer

## IN THIS ISSUE . . .

- Prof. Albert Geyser discovers that the modern guilt-through-association smear technique is as old as the Bible itself. . . . P. 3
- The mystery of living with Christ as opposed to a mere living according to the world of Christ is delved into by Fr. G. M. A. Jansen. . . . P. 5
- Dr. W. B. de Villiers exposes the hollowness of the present-day excuse amongst spiritual leaders in South Africa, to wit that "the time is not yet ripe" for Christian action. . . . P. 8
- The background and the future ideals of the Edendale Lay Ecumenical Centre are touchingly described by its present Director Rev. Enos Sika-kane. . . . P. 11
- In his regular overseas review Prof. B. B. Keet deals with present attempts at coping with social evils, Karl Barth's 80th birthday and a case of history repeating itself in the Netherlands. . . . P. 13
- In an incisive rebuttal of untenable arguments, Douglas Bax dissects and refutes Antikom's rightist condemnation of the Christian Institute. . . . P. 14

## IN HIERDIE UITGAWE

- Prof. Albert Geyser stel vas dat die moderne skuld-deur-assosiasie smeertaktiek so oud soos die Bybel self is. . . . Bl. 3
- Die geheimenis van te lewe met Christus in teenstelling met 'n blote lewe volgens die woorde van Christus word van naderby betrag deur Vr. G. M. A. Jansen. . . . Bl. 5
- Dr. W. B. de Villiers eksponer die holheid van die hedendaagse verskoning onder geestelike laiers in Suid-Afrika, t.w. dat „die tyd nog nie ryp is“ vir Christelike optrede nie. . . . Bl. 8
- Die agtergrond en die toekomstige ideale van die Ekumeniese Lokesentrum te Edendale word roerend beskrywe deur sy huidige Direkteur, Eerw. Enos Sika-kane. . . . Bl. 11
- In sy gereelde buitelandse oorsig behandel prof. B. B. Keet die huidige pogings tot bestryding van sosiale misstande, Karl Barth se 80ste verjaardag en 'n voorbeeld van die geskiedenis wat homself herhaal in Nederland. . . . Bl. 13
- In 'n indringende verwerping van onhoudbare argumente ontleed en weerlé Douglas Bax Antikom se regse veroordeling van die Christelike Instituut. . . . Bl. 14

Editorial:

## Service to Africa

The fate and future of South Africa are indissolubly and irrevocably tied to those of the great African continent. This important reality penetrates with great difficulty to the understanding of those inhabitants of Southern Africa whose ancestry and cultural inheritance are of European extraction. Because numerous cultural and economic ties still bind the overwhelming majority of whites to the old countries of origin — and will continue doing so in the foreseeable future — we experience difficulty in realising and recognising that as far as our human relationships and responsibilities are concerned, we are bound to Africa in the first place.

If the majority of Africa's inhabitants were white this change-over in thinking would have been effected far sooner and more easily. But the fact that Africa is "black" still remains a tremendous stumbling-block for many inhabitants who are of European descent, and especially because we mistakenly regard the preponderance in the number of non-whites as a danger instead of as an opportunity. The turbulent events in some African states which thus far characterised their development towards independence together with the immature and frequently irresponsible actions of some of their political leaders have given rise in the minds of many whites with a long established democratic form of government to a spirit of supercilious aloofness which has often found expression in haughty disdain towards the non-white inhabitants of these younger African countries.

Persons and communities who adopt this attitude fail to take account of three considerations:

- (1) that such a spirit of haughtiness, which also finds expression in hasty and loveless criticism, is by no means suited to someone who calls himself a Christian. Hereby we do not for a moment wish to suggest that a Christian should close his eyes to weaknesses and transgressions in the life of his fellow-man, nor that, if he be conscious of them he should rather hold his tongue for the sake of blessed peace or the security of his own existence. On the contrary: it is the Christian **par excellence** whose sense of truth and reality should be so developed that he can deliver healthy and constructive criticism which will be listened to and accepted because, in Christ Jesus, he respects and loves his fellow-man (therefore also his fellow-citizen of Africa).
- (2) that God in his eternal wisdom so decreed that white and non-white should be settled together in Southern Africa in an area which is enormously rich in mineral and other material resources, that He allowed and privileged the whites to develop economically, scientifically, techno-

logically and spiritually to a level far above that of the overwhelming number of the more than 250 million non-whites of Africa, not with the purpose that we should selfishly exploit and enjoy it, but precisely in order that we should see it as a mark of God's grace and thus place all these material and spiritual privileges in the service of our fellow-man. And to protect us from selfishness God placed the whites with their greater knowledge and development right next to millions of non-whites in underdeveloped areas, so that they can share with us in these privileges.

- (3) that there is no better manner in which to give proof of the sincerity of our intentions as whites with the non-whites than to offer our services to Africa in every sphere where we can make a contribution. So often do we hear whites in South Africa say: "Our intention with the non-whites is genuine and sincere; we do not begrudge them anything we ourselves enjoy. The only trouble is that the outside world does not understand us and begrudges us the opportunity to prove the sincerity of our intentions". Well now: here is the opportunity for the white population of South Africa to give proof of the genuineness of their motives in so many ways which do not entail any threat to our country's continued existence.

We are grateful for many forms of assistance which are already being offered and accepted. We are convinced, however, that these only constitute a humble beginning to numerous other possibilities. There is the so urgently required scientific, agricultural and technological know-how available in our country to guide the younger countries to greater independence and prosperity. There is the necessity for the education of thousands on non-whites in political and civil administration. There is the tremendous need for the training of millions of skilled and half-skilled labourers. There are the thirty odd theological seminaries and institutions of the churches in South Africa and South West Africa which can help train thousands of ministers of the gospel and spiritual workers also for other African countries. There is, furthermore, the glorious opportunity for thousands of young people in South Africa to offer their services in a multitude of forms to other African countries. Why must the initiative in this regard be taken by countries far distant from us, when we are in the privileged strategical position to offer it so much more cheaply and successfully?

And if the question should be raised what all these projects have to do with our Christian faith, then we answer: everything! Is it not pre-eminently the message and challenge of Christ's life that He

came to serve wherever men were destitute and in need? Is not this His injunction to us, his followers, to deliver this testimony of service in his Name and in his power, in our political policy, our economic planning, our educational ideals and the spiritual equipment of all the citizens of our country and (to the extent that we are able and it does not injure our own country) also of every other country around us?

In order that this service should succeed not only the actual willingness of the majority of our white population is necessary, but to just as great an extent the willingness of the non-white leaders and peoples of the young states of Africa. Persuasion on a large scale will be required on both sides: to convince the whites that it is a Christian responsibility which dare not be evaded, and to convince the non-whites of Africa not to place their repugnance and enmity towards South Africa, originated

as a result of our racial policy, as a stumbling-block in the way of sincere intentions.

There are hopeful signs that the authorities in our country are recognising the importance of such service to the countries of Africa and wish to move in this direction if the white electorate should give them the necessary support. And it is exactly at this point that an enormous responsibility rests on the churches of South Africa, to make their members conscious of the responsibility of all Christians to give their full support to all quarters who wish to make use of this opportunity. Who knows whether it may not be the beginning of a new chapter in the history of our country where the injustice towards non-whites which is at present being perpetrated and tolerated (sometimes with the honest conviction that it is a temporary necessity) is replaced by a policy of equal rights for all inhabitants of Africa — non-white as well as white.

#### Inleidingsartikel:

## *Diens aan Afrika*

Suid-Afrika se lotgevalle en toekoms is onlosmaaklik en onherroeplik verbonde aan dié van die groot vasteland Afrika. Hierdie belangrike werklikheid dring baie swaar deur tot die begrip van dié inwoners van Suider-Afrika wie se afstamming en kulturele erfenis uit Europa verkry is. Omdat talle kulturele en ekonomiese bande die oorgroter meerderheid van blankes nog aan die ou stamlande bind — en in die voorsienbare toekoms nog sal bly doen — val dit ons moeilik om te besef en erken dat wat ons menslike verhoudinge en verpligtinge betref ons eerstens aan Afrika verbonde is.

As die meerderheid van die inwoners van Afrika blank was sou dié omskakeling in denke veel gouer en gemakliker gegaan het. Maar die feit dat Afrika „swart” is bly nog ’n geweldige struikelblok vir baie inwoners wie se afkoms Europees is, veral ook omdat ons verkeerdelik die oorwig van nie-blanke getalle as ’n gevaar beskou in plaas van as ’n geleentheid. Die stormagtige gebeure in sommige Afrika-state wat hulle ontwikkeling tot onafhanklikheid tot dusver gekenmerk het, gepaard met die onvolwasse en baie keer onverantwoordelike optrede van sommige van hulle politieke leiers, het by baie blankes met ’n lang gevestigde demokratiese rgeringsvorm ’n gees van beterweterige afsydigheid gekweek wat soms in hooghartige minagting teenoor die nie-blanke inwoners van dié jonger Afrika-lande tot uiting gekom het.

Persone en gemeenskappe wat hierdie houding inneem hou met drie dinge nie rekening nie:

(1) dat so ’n gees van hooghartigheid, wat hom ook uit in haastige en liefdelose kritiek, allermens pas by iemand wat homself Christen noem. Daarmee wil ons vir geen oomblik te kenne gee

dat ’n Christen sy oë moet sluit vir swakhede en oortredinge in die lewe van sy medemens nie, of, waar hy daarvan bewus is, terwille van die liewe vrede of die veiligheid van sy bestaan maar sal swyg. Inteendeel, dis juis die Christen wie se sin vir waarheid en werklikheid so ontwikkel moet wees dat hy gesonde en opbouende kritiek kan lewer waarna geluister en wat aanvaar sal word omdat hy in Christus Jesus sy medemens (dus ook sy medeburger van Afrika) hoogag en liefhet.

- (2) dat God in sy ewige wysheid dit so beskik het dat blank en nie-blank saam in Suider-Afrika geplant is in ’n gebied wat geweldig ryk is aan minerale en ander materiële bronne, dat Hy die blankes vergun en bevoorreg het om ekonomies, wetenskaplik, tegnies en geestelik te ontwikkel tot ’n peil ver bo dié van die oorgrootste getal van die meer as 250 miljoen nie-blankes van Afrika, nie met die doel dat ons dit selfsugtig sal uitbuit en geniet nie, maar juis dat ons dit sal sien as bewys van Gods genade en so al hierdie materiële en geestesvoorregte in diens van ons medemens sal stel. En om ons van selfsug te bewaar het God die blankes met hulle meerdere kennis en ontwikkeling geplaas langs miljoene nie-blankes in onder-ontwikkelde gebiede sodat hulle saam met ons in hierdie voorregte kan deel.
- (3) dat daar geen beter manier is om die opregtheid van ons bedoelinge as blankes met die nie-blankes te bewys as om op elke gebied waar ons ’n bydrae kan maak, ons dienste aan Afrika te bied nie. Ons hoor so baie dat blankes in Suid-Afrika sê: „Ons bedoeling met die nie-

blankes is opreg en eerlik, ons gun hulle alles wat onself besit en geniet. Die moeilikheid is net dat die buite-wêreld ons nie verstaan en die geleentheid gun om die opregtheid van ons bedoelinge te bewys nie. Wel: hier is nou die geleentheid vir die blanke bevolking van Suid-Afrika om die opregtheid van hulle motiewe te bewys in so baie vorme wat geen bedreiging vir ons land se voortbestaan inhou nie.

Ons is dankbaar vir baie vorme van hulp wat reeds aangebied en aanvaar word. Ons is egter oortuig dat dit nog maar die klein begin is van talle ander moontlikhede. Daar is die so nodige wetenskaplike, landboukundige en tegniese advies waaroor ons land beskik om die jonger lande tot groter selfstandigheid en welvarendheid te lei. Daar is die noodsaaklikheid van opleiding van diusende nie-blankes in politieke en siviele administrasie. Daar is die geweldige behoefte aan opleiding van miljoene geskoolde en half-geskoolde werkers, daar is die byna dertig teologiese skole en inrigtings van die kerke in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika wat duisende Evangeliedienaars en geestelike werkers ook vir ander Afrika-lande kan help oplei. Daar is verder die pragtige geleentheid vir duisende jongmense van Suid-Afrika om hulle diens in soveel vorme aan ander Afrika-lande te bied. Waarom moet die leiding in dié opsig van lande ver van ons uitgaan, terwyl ons in die bevoorregte strategiese posisie verkeer om dit self soveel goedkoper en geslaagder te kan bied?

En as die vraag gestel sou word wat al hierdie aksies met ons Christelike geloof te make het, dan antwoord ons: alles! Is dit dan nie by uitstek die boodskap van uitdaging van Christus se lewe dat Hy gekom het om te dien oral daar waar mense in

behoefte en nood was nie? Is dit dan nie sy opdrag aan ons, sy volgelinge, nie, om in sy Naam en in sy krag hierdie dienskneggetuie te lewer in ons politieke beleid, ons ekonomiese beplanning, ons opvoedkundige ideale en ons geestelike toerusting van al die inwoners van ons land en (in soverre as ons by magte is en dit ons land nie benadeel nie) ook van elke ander land om ons heen?

Ten einde hierdie diens te laat slaag is nie alleen die daadwerklike gewilligheid van die meerderheid van ons blanke bevolking nodig nie, maar net soveel die gewilligheid van die nie-blanke leiers en bevolkings van die jong state van Afrika. Groot skaalse oorredingswerk aan albei kante sal nodig wees: om die blankes te oortuig dat dit 'n Christelike verantwoordelikheid is wat nie ontduik mag word nie, en om die nie-blankes van Afrika te oorreed om hulle afkeer en vyandskap van Suid-Afrika, ontstaan as gevolg van ons rassebeleid, nie as struikelblok in die pad van opregte bedoelinge te plaas nie.

Daar is hoopvolle tekens dat ons landsowerheid die belangrikheid van sodanige diens aan die lande van Afrika erken en in dié rigting wil beweeg as die blanke kieserskorps hom die nodige steun sou verleen. Dis juis hier waar 'n geweldige verantwoordelikheid op die kerke van Suid-Afrika rus, om hulle lidmate bewus te maak van die verantwoordelikheid van alle Christene om hulle volle steun aan alle instansies te gee wat hierdie geleentheid wil benut. Wie weet of dit nie die begin kan wees van 'n nuwe hoofstuk in die geskiedenis van ons land waar (soms met die eerlike oortuiging dat dit 'n tydelike noodsaak is) die onreg teenoor die nie-blanke wat tans gepleeg en geduld word vervang word deur 'n beleid van gelykberegting teenoor die inwoners van Afrika — nie-blank sowel as blank.

## SKULD DEUR ASSOSIASIE

Deur ALBERT GEYSER

**Oral in die wêreld en ook in ons land maak ons ons ongerus oor 'n nuwe verskynsel. So nie openbare regspleging nie, dan wel populêre beoordeling en selfs veroordeling, deel die maatskappy op in kategorieë en assosieer hulle met een-of-ander doemwaardige rigting. Ons noem dit „skuld”-deur-assosiasie”. Wie, hoe skugter ookal, opsteek vir sosiale geregtigheid en erkenning van die waardigheid van 'n mens, en wie ookal protesteer teen die onbillikbare inkorting van die regte van 'n mens word deur hanteerders van die verfkwas dadelik uitgeteken as 'n kommunist, 'n humanis en 'n liberalis en/of 'n meeloper van een of al hierdie kategorieë.**

In werklikheid is die verskynsel nie nuut nie. Dis moontlik so oud as die berge, maar dit is definitief so oud as die Bybel.

Die Mosaïese Wet verbied hierdie soort van regspleging, die Spreuke en Prediker waarsku daarteen en die boek Daniël bevat 'n roerende beskrywing van sy gevolge. Die verskynsel kom gereeld voor waar geringe diktatoriaal en mense fanatiek word. Dis ook verklaarbaar. In

outoritêre state kwyn onderlinge vertrouwe en woeker wedersydse verdenking. Sentimentsmouse wat in normale omstandighede obskuur sou geleef het en gesterf het, daag dan op die toneel en verwerf 'n kortstondige aansien deur hul vernuf met etikette en hul tegniek van skuld-deur-assosiasie.

Daar was, so ver mens in die geskiedenis kan teruggaan, geen diktatoriale of half-diktatoriale staat

nie, of dit het gewemel van hierdie politieke dolos-gooiers en fanatiese verspreiders van suspisie. Die boek Daniël beskryf die aktiwiteite van sommige van hulle tydens die despotisme van Antiochus Epiphanes IV, en die Makkabeërboeke asook Flavius Josephus verskaf die grusame nadere besonderhede oor die martelinge en massale teregstellinge wat op grond van 'n onkritiese en populêre skuld-deur-assosiasie plaasgevind het.

Offisiële, maar meestal selfaangestelde, uitruikers oftewel **delators** het met die tegniek van skuld-deur-assosiasie Jesus, sy apostels en die Christene van die eerste eeue bitter vervolgd. Die middeleeuse inkwisi-teurs het daarop teruggeval. In ons eie tyd het in totalitêre Rusland en

Duitsland, in die mini-despotismes van Afrika „skuld-deur-assosiasie” feitlik regsstatus ontvang. Regters wat die regsgeldigheid daarvan nie wou billik nie, is óf afgesit, óf saam met die aangeklaagdes na die konsentrasiekampe en Sibirië gestuur.

Ter verduideliking, so nie ter verontskuldiging nie, moet mens dadelik toestem dat die diktator en die totalitêre staat nie sonder sy netwerk van verdagmakers en die tegniek van skuld-deur-assosiasie kan bestaan nie. Geen tirannie staan op nie, of met hom verrys openlike of ondergrondse weerstand. Dis in die diktator se belang om liever ’n paar duisend mense onskuldig te verdink, te knelter en te likwider as om een skuldige te laat ontsnap.

Dit moet verder gesê word dat in hierdie ideologiese eeu politieke onrusstokers en subversiewes ook in die ordelikste en vryste staat wroet en nie net in diktatuurstate nie.

### OWERHEID HET DUBBELE PLIG

**Elke owerheid het daarom ten alle tye die plig om te waak vir die veiligheid van die staat en die openbare orde en om die onrusstokers uit te snuffel. Die wyse regering sal egter voortdurend waak teen sy eie fanatieke aanblasers en hul tegniek om bewys van skuld te verwag met skuld-deur-assosiasie. Die wyse regeerder in ’n Christelike maatskappy sal ook toesien dat sy speurders, die offisiëles en die on-offisiëles, goed onderskei tussen Christus-gehoorsaamheid en Kommunisme voordat hul eersgenoemdes vir laasgenoemdes aansien!**

Vanaf Achab en Isebel tot by Daniël, vanaf Jesus tot vandag-toe is Godgehoorsames as subversief, staatsgevaarlik en volksvyandig uitgekryt en uitgelewer. Onder Hitler het verdagmakers gesorg vir die gevangensetting van talle soos Niemöller, die teregstelling van duisende soos Bonhoeffer en die ontorende huissoeking en die nagtelike klop op die deure van onnoemlikes.

### JESUS DIÉ TEGNIEK ONDERVIND

Vir die Christen in die moderne wêreld is dit, so nie profytelik nie, dan minstens vertroostend om die toepassing van die tegniek van skuld-deur-assosiasie teen Jesus en sommige van sy Apostels na te lees.

In Jesus se geval, so vertel Joh. 8:41, het die verdagmakers skuld-deur-assosiasie deurgetrek tot by sy geboorte. „Ons”, sê hulle en die nadruk val op die „ons”, „ons is nie uit ontug gebore nie!” Jesus se ontvangenis was voorhuweliks. Die vermeende skuld van sy moeder is sy skuld. Skuld-deur-assosiasie.

Ook die vrome Nathanael ont-kom nie heeltemal aan die tegniek nie met sy vraag of daar uit Nasaret iets goeds kan kom. Hy kan die agterlike dorpie eenvoudig nie assosieer met die Messias nie. Trouens die inwoners van die gehuggie is self so oortuigd van hul minderwaardigheid dat hulle riep glo dat Hy waarvan die ouers, broers en susters onder hulle woon, ’n profeet kan wees nie.

Jesus assosieer met tollenaars en sondaars, ’n Levi, ’n Saggeüs, ’n Samaritaanse en ’n oorspelige vrou. By magte van skuld-deur-assosiasie is Hy skuldig aan hulle sondes of minstens ’n „fellow-traveller” van hierdie soort oortreders. Hy is somer ’n vraat en ’n wynsuiper ook.

Die Evangelies sê daar nie veel oor nie, maar net genoeg om te laat sien dat Jesus onbevooroordeeld gestaan het teenoor Grieke, dit is, in die idioom van die tyd, teenoor nie-Jode. Wanneer Jesus in apokaliptiese terme sy dood voorspel en sê dat Hy weggaan waar hulle Hom nie sal vind nie, spot sy belagers: „Hy wil seker na die verstrooides onder die Grieke gaan en die Grieke leer”. Die geïmpliseerde skuld-deur-assosiasie is dat Hy tekort skiet in nasionalisme en voorkeur gee aan vreemdelinge bo sy „eie mense”.

Verdagmaking deur hierdie tegniek is so maatloos as wat dit vals is. Jesus dryf demone uit. Hy het dus te doen met demone. Deur die projektor van skuld-deur-assosiasie verbeeld dit dat Hy die demone uitdryf deur die owerste van die demone.

Alte dikwels is eiebelang die dryfveer van die beskuldiger-deur-assosiasie. Omdat die demone uit hul medemens in die varke gevaar het, kom die Gadareense varkboere na Jesus en smeek Hom om tog uit hulle gebied weg te gaan. Sy assosiasie met hulle kan hulle straks nog ’n klompie varke kos. Nie heeltemal ’n geval van skuld-deur-assosiasie nie, maar amper; skade deur assosiasie.

Swakkeling is altyd bang vir skuld of skade deur assosiasie. Pilatus se vrou — Claudia Procula was

volgens die tradisie haar naam — het op grond van ’n droom haar man laat vra om tog niks met Jesus te doen te hê nie; en inderdaad, uit ang vir skuld of skade deur assosiasie — mens sal nooit weet welke nie — kies hy die veilige weg van kompromis. Hy was sy hande in onskuld maar lewer Jesus uit om gekruisig te word.

Dit gebeur dat selfs ouers bang is vir skuld-deur-assosiasie. Jesus het hulle blinde seun genees — ongelukkig op ’n Sabbat. Dis gevaarlik om hulle te assosieer met die Sabbatskendende Geneser, en hulle sê aan die inkwisieters: Moenie vir ons vra wie hom genees het nie, „hy is self oud genoeg — vra hom.”

**Die mees skaamtelose, die mees onderduimse en die mees algemene toepassing van die skuld-deur-assosiasie-tegniek is wel dié onder die dekmantel van vrome volksliefde. Daarmee probeer Jesus se belagers Hom in ’n val lok. „Meester, ons weet dat u sonder aansiens des persoons en so reguit as ’n koeël die waarheid praat en vir g’n mens stuit nie. Sê ons bietjie, mag mens aan Caesar belasting betaal?” ’n Ja sal Hom by assosiasie skuldig maak voor die nasie; ’n nee voor die Romeinse owerheid.**

Met dieselfde voorwendsel van patriotisme besluit ’n nasie-besorgde Hoëpriester-in-Rade om Hom dood te maak, want via skuld-assosiasie sal, „as ons Hom so laat aangaan, almal in Hom glo; en die Romeine sal kom en ons land en ons nasie albei afneem.”

Jesus was self nie bang vir skuld-deur-assosiasie nie. Hy het juis gekom om sondaars te red, en jy kan ’n mens alleen red deur met hom te assosieer. Sy dissipels moes dit ook doen, maar soms het dit maar moeilik gegaan. Hulle moet dit vandag nog doen en dit gaan nog steeds broekskeur. Petrus het ’n paar keer geswig. Driekeer het ’n diensmeisie met ’n beskuldiging van assosiasie die oer-apostel gedryf om Jesus te verloën, en een keer te Antiochië het die inspekteurs van Jakobus hom uit sy assosiasie met die Griekse gelowiges verskrik.

Paulus was moediger. Hy het doelbewus met Grieke en met net wat voorkom op die pad van die Evangelie geassosieer, vir die Jode ’n Jood en vir die Grieke ’n Griek geword om Christus ontwil. Maar hy het met slae, steniging en gevangenskap betaal vir sy skuld deur assosiasie met onbesnedenes.

### DIE PRYS VAN DISSIPELSKAP

Jesus het voorsien dat sy dissipels se assosiasie met Hom hulle tot skuld gereken sal word, en Hy het hulle vooruit bemoedig: „Salig is julle wanneer die mense julle beleedig en vervolg en allerhande kwaad teen julle spreek. So het hulle ook die profete vervolg wat vóór julle was”. En Hy het hulle beraad: „Wees versigtig soos die slange en opreg soos die duiwe”, want broer sal broer aan die dood oorlewer, vaders hulle kinders en kinders hulle ouers. Maar Hy het hulle verseker dat hulle lyding weens skuld deur assosiasie met Hom „getuienis” om sy ontwil sal wees. Van die Griekse woord vir getuienis kom ons woord **martelaar**, d.i. bloedgetuie.

**Sy dissipels moet hierdie getuienis volhou. Hulle moet soos Hy, op sy bevel hul assosiasie volhou met mense wat onder die broodlyn en die paplyn lewe, met dorstiges, met dakloses en ontheemdes, met brandarmes, siekes en tronkvoëls. Volgens Mt. 25:39vv. is minstens 'n deel van**

Jesus se „Gospel” ’n „Social Gospel”. Hy sê, „Vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringste van hierdie broers van My, het julle dit aan My gedoen.” En Hy skerp die sosiale van die Evangelie, die bereidheid tot assosiasie al ly dit ook tot skuld en skade, in deur die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan. En Hy waarsku teen angsvallige disassosiasie van Hom in die Uitsendingsrede: „Elkeen wat My voor die mense bely, sal Ek bely voor my Vader in die hemele; elkeen wat My voor die mense verloën, sal ek loën voor my Vader in die hemele”.

Dis gevaarlik, lewensgevaarlik, ewige-lewegevaarlik om uit angs vir skuld of skade jou van Jesus te disassosieer.

Jesus het ook 'n woordjie vir die handelaar in skuld-deur-assosiasie: Uit jou woorde sal jy geregverdig word, uit jou woorde sal jy veroordeel word.

### DIE PRYS VAN DISASSOSIASIE

Die Christen in die moderne wêreld, nes die Christen van die

antieke wêreld kan nie aan die etikette en die skuld-deur-assosiasie ontkom nie. Die inhoud van die Wet en daarmee van die Evangelie, is liefde teenoor God en liefde teenoor die medemens, en daar is nie so 'n ding as liefde sonder assosiasie nie, en die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan maak duidelik dat daar nie so 'n ding soos beperking op medemenslikheid is nie. Almal is jou naaste, en almal moet jy liefde bewys en met almal moet jy assosieer. Hoe slegter, minderwaardiger en armer, hoe meer moet jy met hulle assosieër.

Om die skyf van skuld-deur-assosiasie te word is Christenlot omdat dit Christuslot en Christus-taak was. Uit vrye wil en in gehoorsaamheid aan sy Vader het Hy hom met ons sondaars en verlore nes in die wêreld ge-assosieer en deur die assosiasie ons skuld op Hom geneem, Skuld-deur-assosiasie. „Daar loop die Lam van God” sê Johannes die Doper van Hom, en 'n ou tekstradisie voeg by, „wat die skuld van die wêreld dra.”

## OUR LIVING WITH GOD

— FR. G. M. A. JANSEN, O.P.

**WE WILL ALL BE IN AGREEMENT** with the statement that if we ever come to unity in the Church of Christ which we hope to restore together, it must be in the form of a unity of faith. However, what holds us up in this unity, more than anything else, is that we are living too much in the past.

Whenever we discuss our faith of the mysteries which God has revealed, we use a thought-pattern, which existed in the time of the Middle Ages. Listening to the conferences which were given by various ministers in our ministers' meetings at Welkom, I always got to hear: “this is what Calvin taught, this is what Luther says, or Thomas Aquinas or John Wesley”, but alas, I hardly ever heard: This is what Jesus said. Indeed as far as quotations of the Bible are concerned, most of the Churches seem to have concentrated on the Epistles of St. Paul, but you all know what St. Peter said about these epistles: “Our beloved brother Paul wrote to you according to the wisdom given him, speaking of this as he does in all his letters. There are some things in them hard to understand, which the ignorant and unstable twist to

their own destruction, as they do to other scriptures.”

**However, it is my conviction, that whatever we share in faith and in Christian living, it is because we all live with Christ, not merely because we live according to the words of Christ, but far more because by coming to live with us, He drew us completely into His own life. He let us live with Him in a personal relationship, and if then in trying to express in words what we experience in this relationship we have with Christ, we must necessarily use words, the meaning of which are given by the society in which we live!**

In the course of centuries, thought advanced; things that were hidden came into the open, and thus the words which were used in one period began to receive a deeper meaning; and new words had to be formed in order to express thoughts which

were not known at that time, and thus the very thought-pattern which underlay the faith in the 12th or the 15th century is no longer the thought-pattern of today. And therefore in order to be true to the faith with which we experience our living with Christ, let us try to express ourselves in the thought-pattern of our own present society, and we may find that we are more in agreement than we ever thought possible.

We all believe in the Bible, and profess it to be the Word of God. Yet perhaps in this way the Bible may not be adequately defined. Should we not rather say, that the Bible is the report of God's approach to man. First “God spoke of old to our fathers by the prophets, but in these last days He has spoken to us by a Son, whom He appointed the heir of all things, through whom also He created the world.” (Hebr. 1, 1).

God approached us therefore through His Son; the Son Himself was the Word God spoke: so much did He love the world that He gave

us His only begotten Son (John 1 vs. 1: The Word who was God and was **with** God), came to live with us. He who lived in a person-to-person relationship with the Father, began to live in a person-to-person relationship with us, so that He formed a link between God and us. In Jesus God approaches us, in Jesus we respond to the invitation of the Father, to live in close relationship with Him.

Not merely in His words, but more specially in His life, in His whole way of living, He revealed to us how He lived with the Father, so that the image of His Father becomes clear in the almost unconscious relationship with His Father which we find expressed in His life. At the same time, by living with us, He established immediately a relationship that was unknown before, of God being-with-us. In other words He gave our relationship with God an entirely new dimension. He made it a person-to-person relationship, or as the modern phenomenology expresses it an intersubjective relationship.

### THE INTERSUBJECTIVE RELATIONSHIP

It is rather a mouthful, this word, but it is with this word that we begin to talk in the thought-pattern of today. The phenomenology of today has found a new approach to the knowledge of man, by getting away from the method of abstraction and logical deduction, which was used by the philosophers in the Middle-Ages and by which they came to the understanding of the **essence** of man, of that which is universal and abstract. The phenomenologist is concentrating on the **existence** of man as it takes place in history, it is his aim to make our existence as a phenomenon appear before us and to bring to light that what is hidden and latent and not immediately apparent.

However we have to point out that this approach is not a new approach, but is a thought-pattern that is very much the thought pattern of the Jews who lived as contemporaries of Christ, so that we may say that it is one which Christ Himself used, when He expressed His revelation in words.

The very first thing that we observe when we put the phenomenon of our existence before us, is that the word is aptly named: **ex-**

istence, we are always **standing out**, outgoing into the world. We cannot realise our existence unless by projecting ourselves into the world outside us, making it a world-for-us, a world fit to live in. Therefore we learn that our being is essentially being-in-the-world, you are taking up your existence and make yourself, by projecting yourself into the world. Without the world you could not be yourself. And that is why the phenomenology is preferring to call man a "subject", because "I" am not only the subject of a sentence, but also the subject of action, of every action, I am one who is free to go out in any direction, who decides what to do, and who takes the initiative in doing it, using the world outside me to make myself.

But I am not alone. I do this always together with others. The world which confronts us, is no longer the raw nature, it is a world which has been made fit for me by others, and which I in turn try to make fitter together with others. With whatever I do I am always completing what another has started. If I put on shoes to strengthen my feet, I am completing the intention of the shoemaker, which he had when he made the shoes. When I am tired and get into bed, I fulfill the purpose of the maid who made my bed in the morning, when I switch on the light, I bring into operation a complicated system of giving power and light, brought into being by hundreds of others. And if I speak only one sentence I am using words, the meaning of which I have been given by the society in which I live.

**Therefore we must say that our very existence is a co-existence; I cannot project myself into the world unless together with others; it is the very essence of our existence that we complement each other, pool forces to such an extent that together we produce a common good, making the world a world-for-us. This is what we mean, when we speak of an intersubjective relationship. We are living together, always acting together; we are constantly absorbing the social co-operation of the others in all our actions; the other is not so much the object of our actions but he is co-subject with me; not only are we supplementing each other and therefore always with-the-other, but we may well say that we are in each other, in so far that in projecting ourselves into the**

**world, we are blending together into an harmonious "we".**

However, hereby we have not yet exhausted the full penetration of our intersubjective relationships. For underneath this intersubjective relationship which appears in our social co-operation, there is another one that goes still deeper and is at the root of this one, namely the real intersubjective relationship, which is the union of love. In the real relationship of social co-operation, the "other" remains still anonymous. I do not know the shoemaker, who made my shoes, neither do I know the technicians who maintain the power station, to give me power and light. In the union of love, however, the relationship is from person to person, one in which I recognise the other as a person, and appreciate him because he is he, while the other acknowledges me in my own individuality.

**When we hate a person, we want to reduce him to a "thing", we want to annihilate him as a person. When we love a person, we allow him to be himself, because we love him for himself. We identify ourselves with him, so that all that is done to him is regarded as done to ourselves, it draws out the best that is in us, it gives us the greatest possible freedom of action.**

It is by bringing out the full extent of intersubjective relationships that we realize that our existence is truly a co-existence, that we have the gift and the necessity to live in and through our fellowman.

### ANOTHER INTERSUBJECTIVE RELATIONSHIP

Within this intersubjective relationship, the Christian experiences another relationship: he experiences God. This is a very real phenomenon. To the Christian God is real; He is a person, with whom he talks, with whom he remonstrates, sometimes even resents, whom he misses, when he suffers from aridity. The realisation of God is behind most of his actions and attitudes. There is e.g. the Christian's consciousness of God as the third party in marriage. The process of giving life is called "procreation". Man feels that his giving of life is only instrumental, to Christian parents the child is a gift of God. This brings with it a consciousness of a whole new series of experiences which are daily occurrences in a man's life: his worry



whether he gives the child a proper Christian education, his anxiety when a child goes wrong, his happiness when he receives promotion, so that he can make better provisions for his family. In all these events He draws God in, he prays to Him, feels grateful or resentful, guilty or resigned. There is another category of experiences which are centred around death. We meet death constantly, on the roads, at a deathbed of some who are dear to us, in time of war etc. Death is the one inevitability in our life. But does it not strike the Christian that whenever he meets death, he thinks of God? For us death means one of two things: either nothingness, total annihilation or God. And he cannot believe in total annihilation, which would make his whole life an absurdity. And therefore death means to him God and the resurrection after life. It is in the death of Jesus that we find the solution of the problem that is our life. We can now be convinced that there is a heaven and a hell in the life after death. We can now put our mind at rest, because if we live with God, we will remain with Him after death. O death, where is thy sting? cries St. Paul. And indeed the sting is gone; the agony of uncertainty is gone. We know our destiny and we live in the certainty that this final destiny is within our reach. Is this not one of our greatest religious experiences, so deeply rooted that it is self-evident truth to us, so that we have no fear of death? Is this faith not at the root of so many other experiences, of calmness and peace during a final death-agony, of the willingness to accept pain and suffering in preparation of death, of the courage of the priest, who stays at his mission in a rebel-infested country, of the courage of the nurse who goes on attending the sick in the midst of an epidemic, of the quiet determination of the soldier who goes into battle?

Then there is a third group of religious experiences, namely those which are centred around our intersubjective relationship with our fellowman.

We have already seen that through these intersubjective relationships man becomes himself. We only come to true co-existence when we recognize the other in his freedom, while we in turn are recognized in our own being by the other. Out of this

relationship rises a moral code. Such moral principles as "thou shalt not kill, thou shalt not steal, honour thy father and thy mother, let your "yes" be "yes" and your "no" be "no", are so many ways of recognizing the other as a subject as a person.

Finally we draw attention to a great many experiences which are directly concerned with religious cult. Among these we may mention the spiritual satisfaction which a man experiences when together with other worshippers, he takes part in the sacrifice in a full church. The experience of conversion at the moment of baptism or of a second "conversion" in a crucial moment of his life; the feeling of relief when a man has obtained pardon from his sins and feels freed from a terrible stress; the moment of mystical peace which he may experience after Holy Communion or after prayer when he entered a church in deep distress or confusion. Many of these experiences may be mixed of it there is the faith, the consciousness of God.

### GOD WITH US

When we bring these religious experiences to the surface of our consciousness and make them appear as they truly are, we begin to realize that we really live with God; we become conscious of a personal relationship with Him. **In these experiences God has a face.** He is our Father, who cares for us; He is our Creator, but a Creator who keeps us in existence here and now; He is the Master of life and death, but a Master who is very much concerned about **our** life and **our** death; living with Him gives our relationship with our fellowman a supplementary depth. Often we experience that we are in intimate dialogue with Him, that we can feel Him, taste Him, and become emotionally involved with Him.

### JESUS TAUGHT US THIS RELATIONSHIP

**It does not take long to discover that this manner in which we live with God has been taught us by Jesus Christ. The sermon of the Mount is often portrayed as the blueprint of Christian behaviour, as a new code of morals. In reality Christ speaks as much about God**

**in that sermon as about us; the sermon is really neither an exposition of God's nature, nor a series of commandments for us, but it is a blueprint for the intersubjective relationship which we have with God.**

In this relationship there are two poles. The one is God, our Father, who cares for us with a very personal, individual care, so that we do not need to fret about what we shall eat, what we shall drink or wear, because the heavenly Father knows what we need, and will provide us. He cares more for us than an earthly father cares for his son. What man is there among you, who, if his son asks him for bread, will give him a stone? How much more will your Father who is in Heaven give good things to those who ask Him. (M. 7-9) He is the Father of the prodigal son, the good shepherd who goes after his lost sheep, He is the Father who invites all to the wedding feast of His son, who reveals Himself to little children.

And the other pole is the follower of Christ, who seeks the Father in constant dialogue, praying to him in the secret of his heart, and finding Him in the relationship to his neighbour, by loving that neighbour, by being good to those who hate him and calumniate him, by being poor of spirit, merciful, meek, pure, suffering in silence, by being an arbiter of peace. We must be all these things, because we shall see God, we shall possess the Kingdom, we shall be called the children of God.

Even though many of the Psalms are magnificent in their praise of God and in picturing the beauty of creation and providence, we may not always be in a mood to say these psalms, because we feel that the experience of God which they reflect, is no longer **our** experience. We are conscious of God as being much nearer to us; He is in our home, within our family, in our society, in our church, in the sacraments. He is deeply involved in our daily existence.

It is as Jesus expressed it: When a man keeps the commandments, my Father will love him and we will come and take our abode with him. Living together, living in each other; an intersubjective relationship similar to that of our fellowman living in us. Just as the "inliving" of our fellowman is a quality of the soul which enhances and amplifies

the faculties of man to such an extent that it enables him to perform deeds which are strictly beyond his individual capacities, so is the "inliving" of God in us a quality of the soul which enables us to perform acts which in themselves are above the powers of human nature, because they increase the union with God. What co-existence is to intersubjective relations between man and man, that "grace" is analogously to the intersubjective relationship between God and the Christian. St. Paul describes it so beautifully: By the grace of God, I am what I am; and his grace toward me was not in vain. On the contrary, I worked harder than all of them, though it was not I, but the grace of God which is in me. What a wonderful description of the intermingling of personalities. God has taken such a possession of my person, that what I am, I am by the grace of God; my very character, my very personality is shaped by the grace of God. Yet the absorption of grace is such that it is still I who am labour-

ing and can claim responsibility and reward; yet again it is not I who act, but the grace of God in me.

And St. Peter in his second letter (1, 4) describes this intersubjective relationship by saying that we have been made partakers of the divine nature; "consortes" says the Vulgate; we have been made of the same sort; we have been raised to His level, so that we are on equal footing, and can have a person-to-person relationship with God in the same way as we have it with our fellowman.

### FAITH

Although we experience the intersubjective relationship with God as much as we experience that with man, yet our experience is that, at the same time, they are different. The relationship with God is not as deeply rooted in us as that of man. It is not intrinsic to our nature, but it has been brought into us from outside. We have been adopted by

God. It is He who approached us first, we have received it as a **gift**. And because it is not inherent to our nature, we can lose it again, and then we acquire a new approach from God, before we can get it back. Another thing we experience is, that in order to live with God in that intersubjective relationship, we have to receive an extra light, the light of faith, and therefore faith, as a strengthening of our mental powers to observe and to be open to the living with God, is another phenomenon, which we experience daily in our life. We are conscious of it as a gift; we have been thrown into a new kind of existence, and with it we received the light, which is needed to take up that kind of existence and this new light to our **baptism**, the special sign of inward grace, because it is from baptism onwards that we began to live with God.

[This was the first of three lectures which Fr. Jansen delivered at an ecumenical conference in Bloemfontein in October 1966.]

Geesteskwellinge:

## DIE OORRYP TYD

W. B. DE VILLIERS

**In die vier-en-twintigste hoofstuk van die Handeling van die Apostels staan daar vir ons heel strak opgeteken die tragiese verhaal van die Romeinse goewerneur, Felix, miskien die treffendste voorbeeld in die Skrif van 'n man wat nie tot 'n besluit kon kom nie, wat hom verlaat het op uitstel as 'n oplossing, wat sy verantwoordelikheid ontduik het deur te skuil agter die verskoning dat die tyd nog nie ryp was nie.**

Daar lees ons immers dat „alhoewel hy noukeurig genoeg met die dinge van die Weg bekend was”, hy nogtans aangedring het op langdurige gesprekke met Paulus „oor die geloof in Christus”. Maar toe Paulus gespreek het „oor geregtigheid en selfbeheersing en die toekomstige oordeel”, so staan daar, „het Felix baie bang geword en geantwoord: Gaan vir hierdie keer heen, en as ek geleentheid vind, sal ek jou laat roep.” En dan volg ten slotte die tragiese denouement: „maar twee jaar het verbygegaan . . . en omdat Felix aan die Jode 'n guns wou bewys, het hy Paulus as gevangene agtergelaat.”

In die geskiedenis van my eie kerk en volk is dit nou al heelwat langer

as twee jaar dat ons besig is om 'n noodsaaklike beslissing te ontwyk, 'n besluit uit te stel — terwyl ons skuil agter die voorwendsel dat die tyd daarvoor nog nie ryp is nie.

Wat is dié besluit? Watter keuse is dit wat gevel moet word? En waarom beskou ons die tyd nog nie geleë nie?

### TYD NOG NIE RYP NIE

'n Aanduiding in die rigting van 'n antwoord vind ek in daardie kwellende refrein: Die tyd is nog nie ryp nie. Want die eggo's van dié refrein verneem ek telkens weer; in die afgelope tyd juis op talle plekke en uit menige mond.

Uit die mond bv. van 'n vooraan-

staande Afrikaanse sakeman en tewens ouderling van die N.G. Kerk wat, toe ek hom wys op 'n paar kenelike sosiale misstande en onregverdighede teenoor die naaste in ons land en vra wat hy en sy bo gemiddeld gegoede kollegas bereid en van plan is om daaraan te doen, ewe koel kon antwoord: „Vir eers niks. Jy en jou soort is te haastig. Die leidende Afrikaanse sakelui is besig om 'n baie belangrike deurbraak te maak tot binne-in die tradisionele „Engelse” ekonomiese magsgebied. Hulle durf hul nie nou al bekommer oor probleme van die volksmoraliteit, die godsdiens of die politiek nie. Hulle durf nog nie kleur wys nie. Dit is nog te vroeg. Die tyd is nog nie ryp nie . . .”

Voorts, uit die mond van 'n hoog-aangeskrewe en invloedryke koerantman, 'n skynbaar oortuigde en geesdriftige voorstander van die politieke eksperiment met „onafhanklike vryhede”. Toe ek hom vra of hy, na agtien jaar se eksperimen-

teerdery, nie so effens ontnugter begin raak betreffende die moontlike uiteindelijke sukses van die Bantoe-stand- en Groepsgebiede-eksperiment nie — gesien veral die sigbare en tasbare ontwinging wat dit reeds in sovele duisende individuele- en gesinsleuens veroorsaak het — was sy antwoord 'n feitlik gelykluidende: „Gee kans, kêrel! Jy en jou soort is te ongeduldig. 'n Ding soos hierdie kom nie oornag reg nie. Ek sou ook maar alte graag die apartheidsbeleid tot in sy volle konsekwensies dadelik deurgevoer wou sien. Maar jy kan nie die vrug ryp druk nie. Die tyd is nog nie ryp nie . . .”

**En dan natuurlik uit die mond van etlike deeglik bewuste en verantwoordelike predikante van die N.G. Kerk met wie ek in die afgelope tyd hul houding ten opsigte van die omstrede en tans amptelik verworpe Christelike Instituut bespreek het. Hulle reaksie was deurgaans feitlik woordeliks dieselfde: „Die Instituut het wel iets groots beet en kan seker nie mee fout gevind word op strenge Skrifgronde nie. Maar julle mense is te haastig. 'n Mens kan nie sommer daardie revolusionêre soort gedagterigting op die kerk en die volk wil afdwing nie. Mettertyd sal dit seker inslag vind, maar die tyd is duidelik nog nie daarvoor ryp nie . . .”**

Wat, dan, is hierdie revolusionêre gedagterigting wat nie oorhaastig op die volk van Christus moet afdwing word nie? Wat is hierdie gewaagde ding waarvoor die tyd nog nie ryp is nie? Vanwaar hierdie byna outomatiese beroep op uitstel as 'n oplossing?

Is dit dan nog nodig om doekies daarom te draai? Veral die antwoord van die predikante — die onlangse amptelike Sinodale reaksie, tewens, van die hele magtige N.G. Kerk — is insiggewend. Die verantwoordelike leiers van dié kerk, soos Felix, weet nl. maar al te goed waarom dit gaan: dat die Christelike Instituut hoegenaamd nie besig is om die kerk te ondermyn, met hom te kompeteer of op sy terrein te beweeg nie, maar wel op 'n terrein wat die kerk reeds sedert 1960, alle vroom praatjies ten spyt, doelbewus en angsvallig vermy — die terrein van die ekumeniese en interkerklike.

En waarom word dié deel van wat eintlik die kerk se terrein behoort te gewees het, so angsvallig vermy en so dikwels teen gewaarsku op 'n toon wat soms grens aan die histeriese?

Weereens is dit nie nodig om doekies om te draai nie. Nastrewing van die goddelik-gebode ekumeniese ideaal impliseer in ons land onvermydelik die oorbrugging van bestaande kerkgenootskaplike asook rassegrense. En hier sit die angel. Want die nivellering van die amptelik vasgelegde grense tussen die rasse, selfs op die suiwer godsdienstige vlak van gesamentlike aanbidding, verteenwoordig 'n onberekenbare waagstuk en hou 'n onmeetlike gevaar in vir die gerief en die sekuriteit van die getalsswakke blanke bevolkingsgroep.

**Dáárom dat die toonaangewende leiers van dié groep, en by name ook die groot meerderheid predikante van die drie Afrikaanse kerke, verkies om hulle oë en ore te sluit vir die duidelike opdrag van Christus in dié verband, om dinge telkens maar nog so 'n bietjie langer hul gang te laat gaan, om hul morele gewete te paai met allerlei teologiese spitsvondighede en rasionaliseringe wat bereken is om die minder ingeligtes of niksvermoedendes op 'n vals spoor te bring, om 'n duidelike beslissing deur uitstel te vermy, omdat die tyd beweerdelik daarvoor nog nie ryp is nie.**

Met hierdie verskoning in terme van tydsongeskiktheid gaan daar dan gewoonlik gepaard 'n beroep op die skynbaar sakrosankte tradisie: die geykte tradisie van die kerk in Suid-Afrika, maar veral ook, en wesenlik, die volkstradisie. ('n Beroep, terloops, wat vreemd klink komende uit die mond van nasate van die Hervormers, mense van Gereformeerde oortuiging, een van wie se vernaamste beginselbesware teen die Rooms-Katolisisme juis dié kerk se terugval op- en vergoddeliking van „geheiligde tradisie” is!)

#### ARGUMENT TEN GUNSTE VAN UITSTEL

Die aangevoerde argument ten gunste van uitstel van die onvermydelike beslissing wat uiteindelik gemaak moet word, lui dan ongeveer so:

Die tyd is nog nie ryp vir drastiese verandering nie omdat die tradisie van ons volk en ons kerk nog nie stewig genoeg gevestig is nie; ons s'n is, relatief gesproke, nog maar 'n baie jong land, onthou, en totale vervolmaking van die ideale kan werklik nie nou al van ons verwag word nie; alles is nog nie soos dit moet wees nie, dis waar, maar

ons verkeer nog in 'n oorgangsstadium; hoewel ons reeds 'n verbaasende lang skof afgelê het, is ons nog nie heeltemal die bult oor nie — net nog 'n bietjie tyd, 'n bietjie geduld, 'n laaste gesamentlike hup-stootjie, en ons is waarskynlik daar; intussen is daar nog 'n paar baie duidelike bedreigings vir ons „tradisionele Afrikaanse leefwyse”: die „gevaar” van innerlike verdeling in ons eie geleedere (deur die verraderlike „Engelse” — **perfide Albion** — met hul gemene beleid van „verdeel en heers”; deur die verdoemlike „Engelse Pers”; deur die verfoeilike verskynsel van „humanisme” en „liberalisme” wat besig is om sy lelike kop onder ons mense, en veral aan ons universiteite, uit te steek; deur die bedenklige Sestiger-groep op kultuurgebied, met hulle wilde en wêreldse idees; deur die onaantasbare „veelrassige” Christelike Instituut met sy al te gevorderde teologiese siening; ens. ens.); die „gevaar” van Oorsese inmenging in ons landsake; die „gevaar” van V.V.O.-sanksies; die „gevaar” van oorrumpeling deur die getalsterke „Swart Afrika” binne en buite ons landsgrense; die „gevaar” van insydeling van ons „volkseie” deur Rooms-Katolieke en origins onwenslike immigrante; die „gevaar” van 'n verbastering en selfs die ondergang van ons Afrikaanse taal; die „gevaar” van 'n internasionale nederlaag op enige sportveld.

**Nee, die tyd is nog nie ryp nie! Daar is nog te veel „gevaare” wat ons eers die hoof moet bied en moet uitwis — „gevaare” wat gerieflikerwys eindeloos en onvoorspelbaar lank opgetower kan word deur ons alarmskreeuende kerk- en volkleiers — voordat ons kan begin erns maak met die opdrag van Christus teenoor Sy volgelinge: om almal saam één te wees, soos Hy en die Vader één is; en om só, in alle maatskaplike geregtigheid, teenoor ons naaste te begin optree soos ons graag sou wou sien dat daar teenoor onself opgetree word!**

Die tyd is nog nie ryp vir 'n konfrontasie met ons verantwoordelike Christelike gewete nie, omdat ons nog eers, vir eers, voorlopig vir altyd, ons „tradisionele leefwyse” moet verstewig en bestendig; omdat ons kerke en kerkleiers nog eers, vir eers, voorlopig vir altyd, geroepe is om te dien as 'n „bolwerk” vir die behoud van dié „tradisionele leefwyse” — omdat ons, dooies na die gees, nog eers gedwonge voel om

ons eie dooies te begrawe en „afskied te neem van dié wat in ons huis (volk, tradisie, Afrikanerdom, bloed, bodem?) is”, ten spyte van ons Meester se vermaning: „Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk, is geskik vir die koninkryk van God nie”.

### DIE UITDAGING VAN DIE SKRIF

Hoe hemelsbreed verskil dit alles nie van die boodskap van die Skrifopenbaring nie!

Dáár word dit heeltemal duidelik, onomwonde en ondubbelsinnig aan ons gestel dat „dit tyd is om die Here te soek, totdat Hy kom” (Hos. 10:12); dat „die uur vir ons reeds daar is om uit die slaap wakker te word” (Rom. 13:11); dat „die tyd kort is” (I Kor. 7:29); dat „omdat die opdrag van die koning dringend is” (I Sam. 21:8), God gesê het ons „moet gou maak” (II Kron. 35:21); dat ons ons moet beywer om ook soos die Psalmdigter te durf sing: „Ek het my gehaas, en nie getalm nie, om u geboorte te onderhou”. (Ps. 119:60). En waar kan ons ’n mooier voorbeeld van hierdie besondere geesteshouding vind as juis in die geval van die vrome volksvader Abraham? Van hom lees ons in Gen. 22:1-3 dat, toe God hom die beproewende opdrag gegee het om sy enigste seun, Isak, in Moria te gaan offer, hy nie nog getalm en uitstel gevra het nie, maar „die môre vroeg klaargemaak en sy esel opgesaal” het.

Dit is ook skaars moontlik om die voorbeeld van die vroeë Christene mis te kyk. Hulle geesteskrag was nouliks geleë in die terugkyk op ’n destyds amper nog-nie-bestaande tradisie, in ’n oor-die-skouer terugblik op ’n roemryke verlede, in ’n handhawing van die status quo, maar in ’n vorentoe-kyk, ’n toekomsverwachting, ’n reikhalende vooruitstrewing na die komende Koninkryk van God, ’n ongeduldige najaag van dié dinge wat vir die ware volgelinge van Christus beloof is.

**Tradisie assulks, sy dit die tradisie van ’n volk of ’n kerk, besit ongetwyfeld ’n sekere bestendigingswaarde en dra onmiskenbaar by tot ’n gevoel van sekuriteit by beide die individu en die groep. Maar nêrens in die Skrif, en veral in die Nuwe Testament, word tradisie ooit opgehemel as iets goddeliks nie, of word toekomsverontagsamende tradisie-**

**vastheid ooit as ’n Christelike deug gekenskets nie.**

En wanneer tradisiegebondenheid en die handhawing van die status quo lei tot die fundering van ’n valse en selfsugtige persoons- of groepssekuriteit, is dit ’n duidelike euwel. Wanneer ’n laakbare „tradisionele leefwyse”, wat wesenlik gebaseer is op ’n onnatuurlike chauvinistiese selfisolasiëdrang en vreemdelingevoers, verabsoluteer word tot volksnorm, is dit ’n sonde in die oë van die Here. Wanneer ’n tradisie van selfsugtige ekonomiese misbruikmaak van die ongeskoolde arbeidskrag van ’n naasbestaande bevolkingsgroep vir eie gewin en sonder prysgawe van enige eie, gereserveerde groepsvoorregte aangeprys word as ’n „behoud van ons tradisionele leefwyse”, is dit ’n onverdedigbare onreg wat gepleeg word in die naam van ’n tradisionele „blanke, Westerse, Christelike beskawing”. Wanneer huisgesinne opgebreek word, normale maatskaplike omgang versteur word, Christelike gemeenskap verbied word in die naam van ’n reeds verafgode tradisie, is dit heiligskenis.

En wanneer daar amptelik en nie-amptelik deur Christene nie ’n vinger verroer word om „tradisionele” misstande reg te stel nie, „omdat die tyd nog nie ryp is nie”, omdat ’n „oorgangsstadium” nog eers deurleef moet word en omdat daar nog eers ’n tradisie is om te bewaar, te handhaaf en te bestendig, is dié skynvrome verskonings gewortel in ’n leuen en gegrondves op klaarblyklike huigelary.

Tradisie en tradisiebewustheid kan ’n goeie ding wees, maar ook nie altyd en onder alle omstandighede nie. Ook ons eie volkstradisie en die „tradisionele leefwyse” wat ons kerk hom geroepe voel om as „bolwerk” te dien, is nie uit die onvermengd goeie saamgestel nie, dog laat veel te wense en te verbeter oor. En dit moet vir enige gewetensgekwelde Christen en kerklidmaat ’n bron van die diepste bekommernis wees dat sy eie kerk en dié kerk se toonaangewendste leiers al hoe meer dié dinge as verskoning gebruik om onmiskenbare maatskaplike ongeregthede oogluikend toe te laat, om ’n sendingaksie onder nie-blanke dogterkerk-lidmate in stand te hou wat, in ons huidige bedeling, op ’n klaarblyklike leuen teenoor ons minder-bevoorregte mede-Christene gebaseer is — om

maar te laat begaan, om sake maar hulle „normale” gang te laat gaan, omdat die tyd nog nie ryp is vir verandering, hervorming, ’n ernsmaak met die opdrag van Christus nie . . .

**Wanneer sal die tyd vir ’n geloofsen gewetensbeslissing vir ons volk, vir ons kerk, vir ons kerkleiers en predikante ooit genoegsaam ryp word? Wanneer ons wat, soos Felix, „noukeurig genoeg met die dinge van die Weg bekend” is, tot die uiteindelijke besef kom dat dié Weg vir ons deur Christus aangedui word, nie as ’n aardigheid nie, maar omdat dit bedoel is om hier en nou bewandel te word? Wanneer die „verkrampende” vrees en ang waarmee ons bevange is, uiteindelik so intens word dat dit ons sal uitdryf tot die onderneem van ’n duidelike waagstuk met die belydenis op ons lippe: „die dag as ek vrees, sal ek op U vertrou”? (Ps. 56:4).**

Of wanneer dit reeds te laat is? Wanneer óns ook voor ’n geslote deur te staan sal kom en ons „begin buitekant te staan en aan die deur te klop en te sê: Here, Here, maak vir ons oop” — en Hy sal antwoord en vir ons sê: „Ek ken julle nie waar julle vandaan is nie . . . Gaan weg van My, al julle werkers van die ongeregthede” (Luk. 13:25-27).

In die lig van die so pas verstreke Kerstyd pas dit ons om weereens daarvoor na te dink dat ons Here Jesus Christus, die Seun van God, as Seun van die Mens na ons sondige aarde neergedaal het, deel geword het van ons gebrekkige mensewêreld en ingetree het in ons geteisterde mensegeskiedenis „in die volheid van die tyd”.

Hoe verwronge ookal die beeld van God in die mens, hoe skynbaar ongeleë ookal die tydstip, hoe onideaal ookal die uiterlike omstandighede, het God lank gelede reeds die tyd ryp genoeg geag om ’n aanvang te maak met sy wonderbaarlike verlossingswerk — en is die Christuskind gebore wat vir ons, en vir almal van ons medemense vir wie onself nog nie tyd het nie, uiteindelik aan ’n kruis sou sterwe. (Hy wat, toe die tyd vir Hom ryp geword het, ook die versoeking waaraan ons tans onderhewig is, gesmaak het, die versoeking tot die vra om uitstel, toe Hy gebid het: „My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by my verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil”; maar wat, toe dit vir Hom duidelik geword

het dat die beslissing nie langer uitgestel kon word nie, dit tegemoetgegaan het met Sy „Kyk, die uur is naby . . .”)

En hiermee is ook nog 'n ander gerieflike verskoning vir uitstel die selfregverdigende huiweraars en huigelaars ontnem: die verskoning n.l. dat 'n strewe na die ideale hier op aarde sinneloos is omdat dit eers tot vervulling kan kom met die totstandkoming van die toekomstige Koninkryk van God. Want hoewel dié Koninkryk klaarblyklik nog nie gekom het nie, het Christus, met Sy aardse lewe, kruisdood en opstan-

ding destyds reeds Sy Koninkryk op aarde gestig. En in dié Koninkryk van Christus waarvan ons die onderdane is, staan ons direk met Christus gekonfronteer as ons Koning en Opdraggewer, word daar 'n onmiddellike verantwoordelikheid ons opgelê deur Hom persoonlik, hier en nou, op ons aarde, in ons tyd. Die tyd sal nie nog, eendag, ryp word vir die vervulling van die mens se verantwoordelikheid teenoor sy Meester nie. Met die koms van Christus en die vestiging van Sy Koninkryk in ons mensewêreld het die tyd daarvoor reeds ryp geword,

die volheid van die tyd vir elke gelowige aangebreek.

Dit pas ons ook, aan die begin van 'n nuwe jaar, by die wenteling van die tyd, om te besef dat die tyd vir ons begin kort raak; dat die tyd vir beslissing en oorgawe aan ons Christelike roeping lankal vir ons ryp geword het; dat hierdie nuwe jaar miskien die laaste geleentheid, die laaste bietjie tyd is wat daar vir ons oorbly; dat die tyd, so verre van nog nie ryp te wees nie, vir ons almal lankal oorryp geword het.

## The Mission of the Lay Centre

THE REV. ENOS Z. SIKAKANE

as the Lord of all life.”

WHAT IN THE WORLD?

What I consider to be one of the greatest missions of this Lay Centre is further expressed by him as follows:

“The Church, finding itself locked out of the apartments, seeks imaginative ways for finding entrance, but the real entrance that is needed is for the Church to accept the call to seek the restoration of the lost wholeness of life.”

THE EDENDALE ECUMENICAL CENTRE

The Edendale Lay Ecumenical Centre which is being built at Plessislaer near Pietermaritzburg, Natal, is a fulfilment of a vision of the first African Methodist Christians commonly known in Zulu as **Ononhlevu** (the founders of **Umzondelelo**) who first preached the gospel throughout the Natal province in the nineteenth century.

Whiteside in his history of the Methodist Church of South Africa has recorded that:

“The movement commenced in 1874 after a remarkable revival at Jononoskop in which the agents were lay native preachers. At Edendale, Indaleni, Verulam and

**The Bible which is a library of books, covering the life and works of several generations, portrays man looking down first before he looks up to heaven. This means that our appeal to the most High is motivated by our human situations, our social relationships, our needs and our limitations.**

**The mountain of the Lord's House shall be established on the top of the mountains and shall be exalted above the hills and all nations shall flow into it.** Isaiah 2:2.

Christian ethics has so high a standard that every man weighed has been found wanting. Although we are created in the image of God we still fall short of the glory of God. The image of God in man is defaced but not obliterated because man hears the echoes of the divine despite contradictions within the same man. In the same man there is love and hatred and sensitivity to joy and sorrow. Sincere and very good people have often done much harm in their attempt to do the good. We need a quiet place for meditation.

Dr. Paul Tournier in his book **Guilt and Grace** gives an interesting illustration of how good people with good intentions may nevertheless kill unconsciously. He says:

“We see believers, theologians, and laymen from all churches and from all denominations, especially the most sincerely zealous in sick-visiting, crushing the sick with religious testimony. The forceful assertion of the power of God

who cures those who put their trust in Him conveying the idea that the sick person lacks faith.”

Dr. Tournier also says that the danger of such a generalization is that God cures all those who believe in Him, creating the feeling of guilt in all those who have recourse to scientific medicine, suggesting that science is not the gift of God.

This is a challenge to all of us and requires a **militant ministry** of all the **laity**. The mission of the Lay Centre is to make good provision for consultation and dialogue within the Church itself, provision for men and women to develop initiative and drive to witness for Christ as they live and work. This centre is intended to create and offer training and development in relation to everyday activities. This means the awareness of the mission of the Church to the world.

Colin Williams says:

“We are now facing the need to see that it is an essential mark of the Church not only to witness to Christ as Lord of all nations but that the calling to mission also requires us to cross the **sociological frontiers** to witness to Christ

Driefontein there sprang up simultaneously an earnest desire among native Christians to extend the word to the heathen beyond."

This movement of the laity gave birth to a remarkable evangelical movement known as **Umzondelelo** which means **fervent desire**. It is this **Umzondelelo** that has contributed towards the establishment of this ecumenical centre to bring to reality the vision of the founders of **Ononhlevu**.

Laymen from all churches and from no church will meet here for the purpose of finding the best way of offering their services in schools, in industry, in business, in farming, in the church and everywhere. The founders of the **Umzondelelo** evangelical movement were ecumenically minded. The preaching of the gospel was intended to extend to and embrace all the African people. For instance, at a meeting held at Indaleni in 1877 presided over by the Chairman of the District of Natal, Daniel Msimang, referring to the origin of this movement, said:

"We heard the cries of those who wanted to be saved, from every side came testimony as to the sad state all over the land. We felt that we ought to send people to them. The meeting raised £100 for this work and we look the money to Mr. Cameron."

The Rev. J. Cameron was the Chairman of the Natal Districts.

This was the ministry of the laity, the priesthood of all the believers, and this was the beginning of the ecumenical movement in Natal sponsored by the Africans themselves.

### THE PURPOSE OF THE EDENDALE LAY ECUMENICAL CENTRE

The **Deed of Trust** of the Edendale Lay Ecumenical Centre, dated 20th April 1965, declares that:

"Whereas the donor (**Umzondelelo**) is anxious to assist in the inauguration at Edendale in Natal of an interdenominational lay academy where laymen of all churches and from different daily occupations may study God's Word together, where they may through Bible Study learn how to make their Christian witness more effective in the place where

